

Stam 43 Friese beloof vooruitgang

deur Hennie Basson

Sedert die eerste Friesperdmerries van 'n uitsonderlike merriestam sowat 'n halfeeu gelede na Suid-Afrika ingevoer is, het dit 'n buitengewone rol in Friesperdteling in die land vervul. En dit is steeds die geval. Die selektering van goeie merriestamme vir teling is van die uiterste belang. Sowat 50% van aanteel bestaan in werklikheid uit merries en, soos in die geval van hingste, moet merries ook verbeter en opgeteel word.

Sedert Ben Mostert van Moorreesburg en Piet Slabbert van Petrusburg teen die einde van 1957 en in 1958 tot 1963 die Friesperd aan Suid-Afrika bekendgestel het met die invoer van Nederlandse stamboekhingste, het nóg 40 merries van dié ras in hierdie ses jaar die land binnegekom. Die meeste van hulle het oor sterstatus beskik.

Tydens plaaslike keurings in 1989 deur HJ Mulder, is verskeie merries geïdentifiseer wie se stambome terug-getrek kan word na stam 43, wat deel uitgemaak het van die 40 merries wat aanvanklik ingevoer is. Uit dr Geurts se gesaghebbende publikasie, *Merrie-stammen van het Friese Paard*, blyk dit dat stam 43 inderdaad 'n groot teenwoordigheid in die Suid-Afrikaanse Frieskudde het. Die feit dat etlike perde wat uit stam 43 voortspruit ook in die afgelope ses jaar na ons land ingevoer is, is 'n bewys van die gehalte, vooruitgang en verbetering van dié stam in Nederland.

Volgens die voorsitter van die Noordwes Friesklub, Ferdi Hartzenberg van Sannieshof, is dit weens die groot vraag na Friesperde in die land belangrik om internasionale teelmetodes

in oënskou te neem, asook die invloed van internasionale bloedlyne op plaaslike kuddes. Die afgelope dekade veral het verskeie telers groot hoeveelhede hingste en merries vanuit Nederland ingevoer en hierdie bloedlyne het 'n groot impak op plaaslike bloedlyne gehad en het dit steeds, sê hy.

Die eerste moederstam is in 1882 in Nederland aangeteken. Dit was die merrie, Jeanne 6B, wat op die ouderdom van vier jaar aangeteken is. In 1997 was daar reeds 251 merriestamme waarvolgens geteel is. Die noukeurige boekhouding van merriestamme in daardie land is 'n bewys van hoe belangrik moederstamme in teling daár geag word, sê Hartzenberg.

Dat die merriestam 43 uiters goed in Nederland gevaar het, blyk uit die getal stamboekhingste wat dié stam tot en met 1997 opgelewer het. Stam 43 het begin met die merrie Kekke 116H. Hierdie stam was vir verskeie stamboekhingste in Nederland verantwoordelik, onder meer Age 168 wat tussen 1945 en 1965 nie minder nie as 217 dogters geteel het wat in die stamboek opgeneem is. Vier van sy seuns is ook as stamboekhingste aangewys.

Ander stamboekhingste uit hierdie besonderse stam is Hearke 254 (preferent), Lammert 260, Dagho 247, Krist 358, Zjoerd 239, Naen 264 ('n halfbroer van Dagho), Diedert 288, Melle 311 en Gradus 356. Die merrie Truus (stamboekmodel en -preferent) wat ook uit stam 43 afkomstig is, word spesiaal deur Geurts vermeld aangesien sy die moeder van drie stamboekhingste is. Truus se seun, Naen 264, is die vader van ses stamboekhingste – Walter 282, Foppe 290, Barteld 292, Hannes 296, Jakob 302 en Ludse 305.



Talle hingste en merries wat uit stam 43 kom, is reeds na Suid-Afrika ingevoer en het hulle merk hier gemaak. Hierdie hings, Teun, is die jongste toevoeging tot Piet Botha se Geverspanstoet

Bioplex organic minerals – the future of mineral nutrition

by Liezel Goosen, Alltech (Pty) Ltd

Minerals are an essential component of the horse's daily nutritional needs. The need for improved trace mineral bioavailability to meet the performance demands of the modern horse, often requires greater quantities of trace minerals than can be absorbed from conventional feed ingredients.

However, adding higher levels of inorganic mineral supplements does not always help. The answer comes in the form of organic or chelated trace mineral supplements, such as the Bioplex range from Alltech. Here's why:

Organic minerals are single mineral molecules bonded to amino acids or peptides. These compounds are the form in which minerals are found in nature. For this reason, they are more available for use by both humans and animals. With the development of modern laboratory techniques, man has found a way to create organic (chelated) minerals that can be used to benefit human and animal nutrition.

Better availability

Horses digest and absorb most of their amino acids and simple sugars from the small intestine. Amino acids are absorbed very efficiently by the horse. When amino acids bound to minerals (chelated minerals) are absorbed in this way, the mineral is "smuggled" across the intestinal lining into the horse's body.

The horse also naturally chelates most of its dietary minerals prior to or during the process

of digestion and absorption. By providing the mineral in this form from the start, the efficiency of mineral absorption is increased.

Benefits of organic minerals

The use of chelated minerals in horse feed products, has resulted in improved reproduction in broodmares relating to mares beginning to cycle earlier and becoming pregnant with fewer breedings. Many reports exist in regard to mares that have been barren for several years who, after repeated attempts at breeding and standard reproductive therapy, carried healthy foals to full term after being fed chelated minerals prior to breeding and throughout gestation.

Other advantages include increased stress and disease resistance in performance horses, reduced bone abnormalities in growing horses and improved hoof and hair condition in general. As early as 1988, the United States Olympic jumping team commented on how well their horses had kept their condition and had been coping with intense and stressful competition conditions better than ever before, after supplementing with a chelated mineral supplement starting one month before travelling to the Olympics.

There also exists objective evidence that young horses suffering from copper responsive developmental orthopaedic disease, improved after being fed chelated copper while inorganic copper sources had little or no effect.

**Alltech**[®]
...naturally

“Die noodsaaklikheid van goeie merries en gene wat vanaf merries na die vul oorgeplaas word, speel uiteraard ‘n groot rol. Deur die toekenning van premies en statusse aan merries, word die merries en hulle nageslag geëvalueer om die beste teelmateriaal te identifiseer,” sê Hartzenberg.

“Hoewel stam 43 reeds uit die dae van die beroemde Ben Mostert in ons land dateer, vervul dit tot vandag toe hier ‘n uitnemende rol in die teel van hierdie diere vir die plaaslike bedryf”, sê Hartzenberg wat self oor ‘n jong hings uit hierdie stam beskik. Dit is Maurits T wat meer as twee jaar gelede deur hom ingevoer en nou een van die grootste Friesperde in die land is.

Hierdie hings se moederstam is as volg: Anne Rimke H (stamboekster) – Rimke H (stamboekster + preferent) – Faemke (stamboekmodel + preferent) – Trynie (stamboekmodel + preferent). Aan vaderskant is die merrie Truus ook as oumagrootjie teenwoordig.

Ook die Friesperdpionier in die noorde van die land, Piet Botha van Geyerspan by Lichtenburg, beskik huidiglik oor ‘n hings wat uit stam 43 afkomstig is. Hy het pas die hings, Teun, ingevoer. Dié hings behoort ‘n groot bydrae tot die verbetering van plaaslike genebronne te lewer. Teun se moederstam is: Wytseke Rimke H (stamboekster) – Rimke H (stamboekster + preferent) – Faemke (stamboekmodel + preferent) – Trynie (stamboekmodel + preferent).

Botha, wat die selektering van goeie merriestamme vir teling hoog ag, sê die gewildheid en uitbreiding van hierdie ras in ons land het geen plafon nie: “Waar die Friesperd in die verlede hoofsaaklik as trekperd aangewend is, floreer dit huidiglik in ‘n verskeidenheid van dissiplines soos dressering en as sportperd. Selfs Friesperdkruisings se gewildheid neem toe weens die goeie temperament wat deur hierdie ras toegevoeg word.” SAH

Perdeprag Friesian Stud

Liesie Potgieter

PO Box 823, Kinross, 2270, South Africa

082 491 8034, (loc 07 687 0180)

Email: liesie@perdeprag.co.za Web: www.perdeprag.co.za

2 Beautiful Imported Stallions available for stud. Contact us for an appointment to view Ferdinand and Erwin fan't Reidfild or any of our other young stock and imported mares.

Ferdinand Star Stallion. Sire: Sape, Dam Sire: Djurre
Erwin fan't Reidfild tot premie Star Stallion. Sire: Tjerk, Dam Sire: Pike

